

Prof. H. du Plessis, DIE MISSIOLOGIE AS 'N TEOLOGIESE WETENSKAP, Potchefstroom, 1960.

Hierdie brosjure bevat die inaugurele rede wat Prof. du Plessis uitgespreek het by geleentheid van die aanvaarding van die professoraat in Sendingswetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit waar die teologiese skool van die Gereformeerde Kerk gevestig is. Die instelling van hierdie leerstoel in die sendingswetenskap, lewer ongetwyfeld verdere getuienis van die besondere erns waarmee genoemde kerk hom veral in die afgelope jare wy aan die sending hier in ons land.

Die skrywer verdeel die veld wat hy in hierdie studie wil dek onder drie hoofde: die erkenning van die missiologie, die teologiese karakter, en die ensiklopediese plek daarvan, terwyl die tweede aspek, n.l. die teologiese fundering, die eintlike klem ontvang. In aansluiting by die diskussies van die dag, word agtereenvolgens die trinitariese, die christologiese en die eskatologiese fundering behandel. Die hele studie is goed gefundeer en gedokumenteer, soos blyk uit die 234 verwysings in die bestek van 28 bladsye.

Waar die skrywer hom veral oor verheug, is die feit dat na soveel verwaarlosing en gevolglike vergissings, daar eindelik weer gevra word na 'n teologiese fundering van die sending, maar is tog ook weer erg bevrees dat net „op die klank af suiwer skriftuurlike geluide gehoor word”. Die kritiek wat hy uitoefen op al die pogings tot 'n teologiese fundering van die sending, is gegrond op een basiese beswaar n.l. dat die missiologie nie waarlik teologie is nie as die oorsprong en die fundering van die sending geplaas word in die werk van die Triniteit in die geskiedenis. Om waarlik teologie te wees moet die missiologie gefundeer wees in die ewige Raad, wil besluit van God, soos veral Kuyper en Voetius dit dan suiwer sou gesien het.

Deur hierdie teologiese uitgangspunt van die skrywer, dra hierdie studie 'n besondere „Gereformeerde” stempel en karakter. Rondom hierdie uitgangspunt lê teweens 'n hele kompleks van vrae en probleme wat in verband staan met die skrywer se skrifbeskouing en openbaringsopvatting, waarop ons hier nie kan ingaan nie. Ons wil alleen maar die vraag stel of daar 'n ander kennismoonlikheid is van God en sy Raad, bo en behalwe die openbaring in Jesus Christus. Behalwe die kritiek op sy uitgangspunt sou 'n mens nog verskillende ander vragetekens kon stel agter sommige uitsprake van die skrywer, b.v. die ongemotiveerde bewering dat Barth die Woord van God nie erken as die enigste *principium cognoscendi* van die teologie nie (bls.4); dat Christus nie grond en subjek van die uitverkiesing is nie, maar die spieël daarvan (bls. 8); dat die kerk 'n afstraling is van die kerk in die Raad van God (bls. 8) Dit klink erg Platonies dat die einde nie meer ver kan wees nie gesien die feit dat die sending-werksaamheid vir die eerste maal in die geskiedenis in hierdie 20ste eeu feitlik tot aan die eindes van die aarde uitgebrei het (bls. 19); dat die kerk in sy sening moet aansluit by die spreke van God tot die heiden (bls 22.). ens.

Die skrywer het met baie probleme i.v.m. die sending in hierdie studie geworstel en hulle gestel in die lig van die jongste resultate van teologiese ondersoek. Die meeste van hierdie probleme is ook nie in hierdie rede opgelos nie, maar die waarde van die studie is o.a. ook daarin geleë, dat hulle vir ons opnuut gestel is.

F. J. van Zyl.

Dr. J. H. van den Berg, PSYCHOLOGIE EN GELOOF, G. F. Callenbach N.V., Nykerk 1958.

In 'n onderskrif by die titel van hierdie boek, nl. „Een kroniek en een standpunt”, dui die skrywer die opset en doel van hierdie werkie aan. Hy wil n.l. die uitgangspunt en vooronderstelling van die godsdienspsigologie beskrywe en aantoon hoe konsekwent ,bewus of onbewus, aan hierdie uitgangspunt vasgehou is in die werk van die vernaamste verteenwoordigers van hierdie wetenskap. Die vooronderstelling waarvan uitgegaan is by die godsdienspsigologiese ondersoek, en wat grootliks deur die godsdiensbegrip van Schleiermacher gevorm is, was dat godsdiens uitsluitlik as immanente aangeleentheid ondersoek moet word met uitsluiting van die transcendente, d.w.s. godsdiens as suiwer subjektiewe, innerlike ervaring. Die skrywer toon aan dat in hierdie uitgangspunt 'n teenstrydigheid lê insover godsdiens wat wesenlik 'n relasie is as 'n immanente aangeleentheid behandel word. Hierdie teenstrydigheid in uitgangspunt lei dan noodwendig tot 'n vroeë einde van hierdie wetenskap, sonder dat enige noemenswaardige resultaat gelewer is. In 'n laaste hoofstuk wil die skrywer 'n lansie breek vir die „ou” godsdienspsigologie

as 'n wetenskap wat dan wel reg laat geskeid aan die godsdiens as relasie en wil dit psigologie van geloof en ongeloof noem, of psigologie van die divinasie. In aansluiting by Rudolph Otto word onder divinasie verstaan: „das etwaige Vermögen das Heilige in der Erscheinung zu erkennen und anzuerkennen”.

Die waarde van die boek lê in die duidelike aantoning van die grondvooronderstelling van die godsdienspsigologie soos dit bepaal is deur die teologie van die dag, en hoe dat die onhoudbaarheid van hierdie standpunt die resultate van die ondersoek nadelig bepaal het. In die nuwe wending wat die skrywer voorstaan word wel die gevaar van 'n verkeerde uitgangspunt afgesny, maar of daardeur ook ontkom word aan die verkeerde taakstelling van die godsdienspsigologie van die vorige tyd, is twyfelagtig. Die taak van die godsdienspsigologie kan immers nie wees verklaring van die godsdiens of die religieuse ervaring uit die psigiese eieptes van die mens nie, maar kennis van die gelowige mens.

F. J. van Zyl.